



**FRIESPERDTELEERSGENOOTSAP VAN SA  
FRIESIAN HORSE BREEDERS SOCIETY OF SA  
HENRY STRAAT 118  
POSBUS / P O BOX 1060  
BLOEMFONTEIN  
9300  
TEL: 051-4100954  
FAKS/FAX: 0865731021  
Epos: [elna@stemma.co.za](mailto:elna@stemma.co.za)**

---

---

## Nuusbrief September 2018

In hierdie nuusbrief:

1. Friesperde by Kirkwood se Wildsfees
2. SA Dreseer Kampioenskappe
3. Nasionale Kampioenskappe 2018 Tulbagh
4. Algemene Jaar Vergadering 2018
5. Kalender



# Leefstyl

Kirkwood Wildsfees:

## 'n Winternaweek vol warm verskeidenheid

Mariska Spoomaker

Die belangrikste aspek waarvoor die jaarlikse Kirkwood Wildsfees staan, is om elke jaar 'n goeie produk, diens of unieke vertoning uit die Oos-Kaapse boesem te bring. By vanjaar se wildsfees (29 Junie tot 1 Julie) is die groot plaaslike uitstellers twee uiterstes – 'n vastog teen die gebruik van plastiek en die groot veroot van die swart boerboel.

Wat ook spesiale vermelding verdien, is die unieke friespersd wat vanjaar ook vir die eerste keer in aksie by die Wildsfees te sien sal wees.

Voor't gaan meer as 30 van die land se topkunsenaars en plaaslike kunstenaars by die Spar Kirkwood Wildsfees optree, se Jenni Honsbein, feendirekteur.

Die kunstenaars sluit in Laurika Kauch, Adam Tas, Kooz Kombuis, Blackie Swart, Jan Bloukaas, Michael Lindt, Tuszen Serré, Lianne May, Jay Shrook, Joe Froux, Jakob Louw, Nandine, Jan Bloukaas, Kurt Darren en Dr Victor & The Kasta Rebels.

Maar een terug na die vertog teen plastiek, gedryf deur Spar Oos-Kaap spesifiek.

Dit is 'n unieke vertog, want so duiver in Spar Oos-Kaap die enige winklengroep wat 'n bewustmakingsveldtog voer om verbruikers te laat wegsteur van die gebruik van plastiekbekers. By die betalingspunt van enige Spar in die Oos-Kaap kan die verbruiker al tussen 'n plastiek- of papierbak kies.

Tydens die Wildsfees gaan die winklengroep hul bewustmakingsveldtog veral in die kollig plaas.

Die plastieksak

Leë? Vou by Alan Stapleton, aanspreekbaarder, nie-voedsel-produkte, borgkapke en speelse geleenthede, Spar Oos-Kaap, 'n paar dinge weer.

Wat is die belangrikste "plastiekbekers" wat julle aan die verbruiker wil tuisbring?

Ons moet ons natuurlike hulpbronne beskerm deur minder plastiek te gebruik. Die Spar-winklengroep alleen verkoop 101 miljoen plastiek-inkoopakkies per jaar.

Hoewel baie verbruikers die sakke gebruik, is daar nie so veel plastiek wat rond en in die natuur bedring. Ons voel dit is noodsaaklik om ons hiervan te doen.

Hoe groot is die probleem op plaaslike vlak?

Finaal maar het met bewarings-groep soos die Zwaarskop-bewarers om te hoor hoe ernstig is die plastiekprobleem.

Al langs die Baaike rivier (veral die Swarzkoprivier), sroompas en kassaie, ses op die strande, vind hulle ongelooflik baie plastiek.

Hierdie plastiekbesoedeling benadeel die seerlede en mense se lewe, want hulle misglo dit vir koo en neem dit in. Ons glo die probleem raak elke jaar al hoe groter.

Hoekom neem die Oos-Kaap juis die voortou?

Die Oos-Kaap het nog altyd goeie leierskap regoor die spektrum opgeleer.

Die Oos-Kaapenaars het ook nog altyd 'n positiewe benadering wanneer dit by probleemop-



Vanjaar kan besoekers aan die jaarlikse Kirkwood Wildsfees die hondersent betowering van 'n friespersd in aksie, soos hier geïllustreer deur Amos Charles en die friespersd, beleef. Foto: HEILIE COMBRINCK



Erika Wernich van die Ikhana Qutastor-stal friesperde van Glentana, hier op die friespersd Hermin, gaan op Saterdag 30 Junie (10:00) en Sondag 1 Julie (11:00) saam met Elsa Smit van Christina op haar perd Nelson Black 'n vertoningsleer by die Vodacom-paviljoen. Foto: HEILIE COMBRINCK



Carina Erasmus met Zoltan die swart boerboel op die bekendstellingsgeleentheid van die 2018 Kirkwood Wildsfees. Hierdie bielle van 'n boerboel sal ook op die Wildsfees te sien wees.



Jakkie Erasmus van Addo – boerboelreier en elenaar van die eerste geregistreerde swart boerboelreier Sumsars Frisco wat nou 13 jaar en vyf maande oud is – bring die swart boerboel na die Wildsfees.



By die Wildsfees se bekendstellingsgeleentheid was van links Joe Foster (sanger), Nombulelo Bizza (burgemeester van die Sondagsriviervallei se munisipaliteit, wat Kirkwood insluit), Jennie Honsbein (Spar Kirkwood Wildsfees se feesdirekteur) en Alan Stapleton van Spar Oos-Kaap.

lossings kom. Ons glo ook die tyd dat ons verantwoordelijkheid neem vir die hoesveelheid plastiek wat elke jaar vervaardig word en probeer om 'n verandering hierin reweg te bring.

Die swart boerboel

Boerboele en die Kirkwood Wildsfees is al soos pap en wors – die een word met die ander geassosieer – en die jaar is dit die swart boerboel wat veral in die kollig kom.

Leë? Het 'n paar vroeë aan oom Jakkie Erasmus, bekende boerboelreier van Addo, geniet.

Daar was lank 'n gestryery oor die swart boerboel se genetiese herkoms, selfs dat die swart boerboel nie geregistreer mag word nie – is dit nou iets van die verlede? Swart is so 'n klein bunte die boerboelreier erken, dit is verwagting met die uitpraak van die hoogergerief in Pretoria in 2014, dus geniet 'n swart boerboel nou dieselfde erkenning as die swart- of witte klein.

Hoekom geniet juis die swart boerboel soveel aandag?

Daar is min honde so mooi soos 'n indrukwekkende boerboel. Die swart boerboel skep 'n nog meer indrukwekkende prentjie en is hiervoor baie gewild. Daar is ook 'n persepsie dat swart gekleurde honde meer vrees afwring as ander, wat ook tot die gewildheid bydra.

Verskil die swart boerboel se geaardheid enigsins van die ander boerboele?

Ond nie. 'n Boerboel is 'n geleëheid en sal daardie familie beskerm sover hy/sy kan, ongeag van sy kleur.

Wat is die beste kenmerke van die boerboel?

As 'n 'n Suid-Afrikaanse ras is daar geen beter hond nie.

'n Boerboel is vreesloos, maar nog 'n losse familielid, wat ewers goed met die kinders kan speel as wat hy die erf sal oppas.

Waar en wanneer kan Wildsfees-besoekers die boerboel in die swart boerboel in aksie beleef?

Saterdag 30 Junie van 08:00 af kan die boerboele gesien word by die VIP-parkering. Die boerboeltoes begin 12:00 en duur tot 14:30.

■ Besoek [www.wildsfees.co.za](http://www.wildsfees.co.za) vir die volledige wildsfeesprogram.



Die avokadopeer-boerie.

## Maand van avokado: Vier dit smaaklik!

Heilsaam, heilend, veeagtig en vreeslekser – dit is die avokadopeer en die ree van die wêreld dink ook so.

Die heie Junie word nou op internasionale vlak aan die avokadopeer opgedra.

Die Wêreld-avokadopeervereniging (WAO), waarvan Suid-Afrika 'n lid is, het verskeie feesgeleenthede in verskillende lande gereël om die avokadopeer te goeie deugte nog verder te bring.

Hieronder tel avokadopeer-ke-merkieske tydens die viering van Brasilia-dag in Frankryk en avokadopeer-kyfies in Londense kooe.

In Suid-Afrika gaan die avokadopeer weer by tradisionele disse ingewerk word – die boerie-rolletjies, shawarmas, hoender, of biefham-burgers, die braai en valie meer.

Hier is 'n paar resepte:

Avokado en koto: Vul jou halve brood met geroosterde hoenderbors, slaai, gesnyde avokado en avo-mayonnaise. Om die avo-mayonnaise te maak, neem die avokado, 'n skuit suurlemoen-sap en 1 tot 2 eetlepels goeie-halte-olyfale en meng dit goed in 'n menger.

Avokado en boerie-rolletjie: Verpulp 'n avokadopeer of sny dit in klein blokkies, meng dit met jou gunsteling-agarsous en smeer dit op jou boerwors-rolletjie.

Avokado en braaiwits: Ges jou vleis, Michelin-status met 'n avokado-smear daarop! Verpulp een of twee avokadopeer met lemmetjesap, fyngekapte grasie, 'n tamatie, een huse gekapte knoffel en 'n paar skote Tabasco-sous.

Skep 'n paar lepels uit oor die gebraaide stuk vleis en rof dit af met 'n paar stukke gekerfde biltong.

Bedien met 'n paar uiering en 'n bietjie ekstra guacamole as doopsous.



Avokado en die braai-slaai

Voeg ook avokadopeer by jou braai-slaai. Sny die avokadopeer in heltes en werk dit versigtig in met kersebaarsies, geroosterde soetmies, hierboontjies, gekerfde sprouties en 'n Papadawes.



Avokadopeer en koto.

Bedien met 'n skuit lemmetjesap en vangemaalde swart-peper.



Avokado en gebakte aartappel.

Verpulp die avokadopeer, voeg 'n skuit suurlemoen-sap en 'n paar druppels olyfale by en skep die avo-rommels daarin.



Avokadopeer en gebakte aartappel.

Verpulp die avokadopeer, voeg 'n skuit suurlemoen-sap en 'n paar druppels olyfale by en skep die avo-rommels daarin.



Avokado en sambal.

Nou hoe sal jou gunsteling-hoenderdiss proe sonder 'n smaaklike sambal? Voeg avokadopeer, in blokkies gesny, en was kolander by jou tradisionele tamatie- en uiermoo.

Avokado en nartjieblaai (Bedien 4-6)

Bestanddele vir die slaai: ■ 6 ryp avokadopeer, geskil en gesny ■ 1 root se gekerfde ■ 2 nartjies, die hussies uitgebreuk ■ 100 g versuikerde gekanneute

Bestanddele vir die slaaisous: ■ 1 koppie heuning ■ 1 koppie appeljab ■ 1 koppie papawersaad

Voorbereiding: Voeg al die bestanddele vir die slaaisous bymekaar in 'n toekroefbottel en skud die bottel sodat die bestanddele kan meng.

Gooi die slaaisousmengsel in 'n bakkie en laat die gekerfde root uit tussen vyf en tien minute daam wees.

Rangskik die avokado, nartjies en neutte op 'n bord, gooi die slaaisous en gemaltreide root uit daaroor en bedien dadelik.

■ Besoek [www.avocado.co.za](http://www.avocado.co.za) vir nog heerlike avokadopeer-resepte.



GREENCROCKER'S  
PROMISE

PERFECTLY FRESH  
nievervord in 'n toekroefbottel

Ons groente en vrugte is van topgehalte, kraakvars en propvol voedingsowwe.





Niemand wat look, kook alleen nie. Selfs in die mees afgezonderde oomblikke is 'n kok in die kombuis omring deur gesigte van kokke van die verlede, die raad en spykaarte van huidige kokke en die wysheid van kookboekskrywers.

Laurie Colwin was 'n Amerikaanse skrywer van vyf romans, drie kortverhaalbundels en twee bundels van essays en resepte.

Erika Wernich, Amos Charles en Elna Smit het besoekers aan die Kirkwood Wildsfees betower met 'n Friesperd vertoning. Uittreksel uit Die Burger Oos Kaap

## Friesperde Seevier by 2018 Suid - Afrikaanse Dresseer Kampioenskap:



Die hoogtepunt van die dresseer wêreld is definitief die jaarlikse SA Dresseer Kampioenskappe, elke jaar kom die room van Suid Afrika se perde en ruiters bymekaar om te kompeteer in hulle verskillende vlakke met die hoop om met n SA title terug te keer, of selfs net `n roset!

Hierdie jaar was geen uitsondering nie, perde het in hul massas opgedaag, klasse het gespog met tussen 40 tot 60 perde in sommige items. Die Vryslag Dresseer (waar ruiters verpligte bewegings moet wys op die maat van musiek) het n rekord 140 inskrywings gehad.

Kyalami Equestrian Park in samewerking met Eaton Farms het 'n skou gereel van wêreld gehalte met plaaslike asook internasionale beoordelaars.



Elke ruiter en perd kombinasie moet in hul vlak twee kwalifiserende toetse ry, die 15 perde met die hoogste gemiddelde persentasie mag dan deelneem aan n kampioenskap klas waar die top 5 gekroon word. Dit is nie te min 'n groot prestasie om selfs net in die kampioenskappe te kan deelneem.

Die Friesperde was in volle glorie verteenwoordig en het vanaf die begin vlak (Prelim Dresseer) tot en met die hoogste olimpiese vlak (Big Tour / Grand Prix Dresseer) uitgestaan.

Die hoogste prestasie wat behaal is deur n Friesperd was deur Chere Burger op haar ingevoerde hings Adelprag Wybren fan Ass. Hulle het met die spog titel van Algehele Reserve Big Tour Kampioen van Suid Afrika weg gestap! Adelprag spog ook met die Kampioen (Chere Burger en haar warmbloed Adelprag Quicksilver) asook n 3de plek op die podium vir Adelprag se ruiter Wium van Huysteen.



Bo: Chere Burger ry Adelprag se  
Wybren fan Ass in die Grand Prix.  
Regs: Wium van Huysteen ry  
Adelprag se Reinoud fan'e Homar in  
die Inter 1 toets.



Bo: Pela Graca Friesperd Stoet se merrie, Tialda van Coudenburgh met  
Phillip Jacobs. Tialda het in Prelim vlak deelgeneem. Sy het algeheel  
4de geplaas in die kampioenskap klas.



Bo: Henson Friesperd Stoet se ingevoerde hings Calvin Stal Bellefleurgery deur Sabine Klehe het in die Elementary Medium vlak deelgeneem, Calvin a.k.a Jakobus het ook deurgedring na die kampioenskap klas!





Bo: Pela Graca se ingevoerde hings Feike M onder Phillip Jacobs het in die Elementary vlak deelgeneem en algeheel 9de geplaas in die kampioenskappe.



Links : Peatos van Pela Graca gery deur Phillip Jacobs in die Novice vlak!





Bo: Adelprag Orlando van Doorndraai hier gery deur Chere Burger het ook die Elementary Kampioenskap gewen.



Selco Friesperd Stoet met hul ingevoerde hings: Bart vd Brink hier gery deur sy eienaar, Selma vd Berg.



Hierdie is maar net `n paar van die Friesperde wat deelgeneem het aan die skou, daar was in elke klas n klomp swart p rels vir die oog gewees. Indien enige iemand nog fotos, resultate ens wil byvoeg, stuur dit gerus aan ons.

Baie geluk aan almal wat deelgeneem het, dit was voorwaar n skou om te onthou!

Die Friesperde kompeteer (EN WEN) teen SA se bestes!



Bo: Wium van Huysteen wys die vliegende wissel in galop met Mr. NJC Pienaar se Adelprag Reinoud fan'e Homar.



# TULBAGH SKOU 2018

## NASIONALE KAMPIOENE



KAMPIOEN VUL: DRIEKUS VAN JABULANI  
VERTOON DEUR ISAAC VIR DIE LOTUS STUD



JUNIOR KAMPIOEN MERRIE NOORDHOEK NIKITA  
VERTOON DEUR MARLIZE LOUW VIR DIE  
NOORDHOEK STOET



JUNIOR KAMPIOEN HINGS VLAKFONTEIN LORENZ  
VERTOON DEUR BAREND CROY VIR DIE EIENAAR  
PIETER LOUBSER



SENIOR KAMPIOEN MERRIE NOORDHOEK BLANKA  
VERTOON DEUR UYS STEENKAMP VIR DIE  
NOORDHOEK STOET



SENIOR KAMPIOEN HINGS IKAHAN QUISTADOR  
JENSE, VERTOON DEUR AMOS CHARLES VIR DIE  
EIENAAR ERIKA WERNIECH



JUNIOR KAMPIOEN DRIEGANG UNIVERSEEL  
RENSKE VAN HENSON, VERTOON DEUR CORLI  
BEKKER VIR DIE EIENAAR MARI ROSSOUW

# TULBAGH SKOU 2018

## NASIONALE KAMPIOENE



**KAMPIOEN DRIEGANG KINDER RYPERD OPKYK ROCKET, VERTOON DEUR BRAAM VLOK VIR DIE KYKMY STALLE**



**SENIOR KAMPIOEN DRIEGANG PLESIERPERD IKAHAN QUISTADOR JANDER, VERTOON DEUR AMOS CHARLES VIR DIE EIENAAR ERIKA WERNIECH**



**JUNIOR KAMPIOEN DRIEGANG PULSAR VAN HENSON, VERTOON DEUR VICTOR BOTHA VIR DIE EIENAAR MARI ROSSOUW**



**SENIOR KAMPIOEN DRIEGANG NOORDHOEK TOKS VERTOON DEUR MARLIZE LOUW VIR DIE NOORDHOEK STOET**



**SENIOR KAMPIOEN DRIEGANG UNIVERSEEL INGRID FAN SCHETINGA VERTOON DEUR FANNIE LANGEHOVEN VIR DIE LOTUS STUD**




**WENNER VAN DIE LEIRIEMKLAS O/8 JAAR PIETERNELL VAN DEVENTER OP DIE RUG VAN OPKYK ROCKET VIR DIE KYKMY STALLE**

# TULBAGH SKOU 2018

## NASIONALE KAMPIOENE



JUNIOR KAMPIOEN ENKELTUIG UNIVERSEEL  
XUANDOU VAN JABULANI VERTOON DEUR FANIE  
LANGEHOVEN VIR DIE LOTUS STUD



SENIOR KAMPIOEN ENKELTUIG UNIVERSEEL  
RONLIA DEKOTA VERTOON DEUR COENIE  
SIECKERS VIR DIE EIENAAR M. SYMINGTON



JUNIOR KAMPIOEN TANDEM NOORDHOEK  
HARETZ & KAVALO JUNIOR VERTOON DEUR DIE  
OKONJIMA STALLE VIR DIE EIENAAR PIENAAR  
STEENKAMP



SENIOR KAMPIOEN TANDEM NOORDHOEK  
TOKKELOS & JORAMI EAGER VERTOON DEUR DIE  
OKONJIMA STALLE VIR DIE EIENAAR PIENAAR  
STEENKAMP



KAMPIOEN PAAR KOETSPERDE  
OPKYK TEUNIS & OPKYK LJ  
EIENAAR EN VERTONER PIETER LOUBER



ONS BEDANK GRAAG DIE BEOORDELAARS EN BEAMPTES  
VLNR: WILLIE BUYS, WILLBUR VD MERWE, ANDRIES DOMBURG,  
JACO JONKER, FRANKIE DOMAN, JANNIE MEIRING  
AFWESIG: RIAAN & KARIEN VD MERWE, LOUIS DOMAN

# TULBAGH SKOU 2018

## NASIONALE KAMPIOENE



**JUNIOR KAMPIOEN ENKELTUIG**  
**VLAKFONTEIN JOTHAM, EIENAAR**  
**EN VERTONER PIETER LOUBSER**



**SENIOR KAMPIOEN ENKELTUIG**  
**NOORDHOEK TOKKELOS,**  
**EIENAAR EN VERTONER PIENAAR STEENKAMP**



**JUNIOR KAMPIOEN DUBBELTUIG**  
**IMHOFF THEODORE & VLAKFONTEIN JOTHAM,**  
**EIENAAR EN VERTONER PIETER LOUBSER**



**SENIOR KAMPIOEN DUBBELTUIG**  
**IMHOFF THOR & VLAKFONTEIN LORENZ**  
**EIENAAR EN VERTONER PIETER LOUBSER**



**JUNIOR KAMPIOEN SIERTUIG**  
**IMHOFF STELLA**  
**EIENAAR EN VERTONER PIETER LOUBSER**



**SENIOR KAMPIOEN SIERTUIG**  
**NOORDHOEK TOKS, VERTOON DEUR**  
**MARLIZE LOUW VIR DIE NOORDHOEK STOET**



**FRIESPERDTELEERSGENOOTSAP VAN SA  
FRIESIAN HORSE BREEDERS SOCIETY OF SA  
POSBUS / P O BOX 1060  
BLOEMFONTEIN  
9300  
TEL: 051-4100954  
FAKS/FAX: 0865731021  
Epos: [friesperd@studbook.co.za](mailto:friesperd@studbook.co.za)**

17 September 2018

<b>VOORLOPIGE KENNISGEWING VAN N ALGEMENE JAARVERGADERING</b>	<b>PRELIMINARY NOTICE OF AN ANNUAL GENERAL MEETING</b>
Neem asseblief kennis dat die Algemene Jaarvergadering van hierdie Genootskap gehou sal word:	Please be notified that the Annual General Meeting of this Society will be held:
<b>OP/ ON:</b> <b>OM/ AT:</b> <b>PLEK/ PLACE:</b>	<b>Vrydag / Friday 23/11/2018 14:00 Orangia Rolbalklub, At Horakstreet, Bloemfontein</b>
Indien u enige besprekingspunt of Kennisgewing van mosie op die sakelys van die Algemene Jaarvergadering wil plaas, moet u dit asseblief voor of op 5 Oktober 2018 per faks stuur na 0865731021, of per e- pos na <a href="mailto:elna@studbook.co.za">elna@studbook.co.za</a> stuur.	If you want to add any item or Notice of motion to the agenda of the Annual General Meeting, please email or fax it to the Office on or before 5 October 2018 at fax number 0865731021, or e-mail: <a href="mailto:elna@studbook.co.za">elna@studbook.co.za</a> .
Die sakelys sal geslote wees tydens die AJV.	The agenda will be closed during the AJM.

**Neem asseblief kennis dat u rekening ten volle vereffen moet wees. Indien nie, sal u ingevolge die Grondwet u stemreg verbeur./ Please note that your account should be paid in full. If not you will in terms of the Constitution forfeit the right to vote.**

Die uwe / Yours faithfully

**Elna Lötter  
SEKRETAARSE / SECRETARY**

## Kalender

<b>12- 13 Oktober 2018</b>	<b>Upington Noord Kaap Skou</b>	<b>Pieter Nel 072 263 2633</b>
<b>19- 18 Oktober 2018</b>	<b>Magogong Skou</b>	<b>Dirkie Mc Kenzie 082 326 9117</b>
<b>2-3 November 2018</b>	<b>Philippolis Skou</b>	<b>Van Zyl Schoeman 083 644 0000</b>
<b>23-Nov-18</b>	<b>Algemene Jaar Vergadering Bloemfontein</b>	
<b>31 Januarie- 2 Februarie 2019</b>	<b>Bredaersdorp Suidkaap Trekperd Kampioenskappe</b>	<b>Theda Radyn 079 279 2373</b>
<b>13-16 Februarie 2019</b>	<b>Hopetown Skou Nasionale Kampioenskappe</b>	<b>Poy Coetzee 082 550 5130 Johnny Moore 083 280 6260</b>
<b>21- 23 Februarie 2019</b>	<b>Williston Noordkaap Trekperd Kampioenskappe</b>	<b>Ernst Langer 084 730 9154</b>

Baie geluk aan al ons lede wat presteer het die afgelope kwartaal , dis vir my 'n groot voorreg om hierdie nuusbrieff propvol top prestasies aan ons lede te stuur.

Voorspoed vir die laaste kwartaal, daar is nog 'n paar skoue vir die jaar oor, sterkte aan die deelnemers, ek hoop almal skou lekker.

Vriendelike groete

Pieter Loubser



**WATTER VOOREG, VIER GENERASIES LOUBSERS SAAM IN DIE SKOUBAAN  
TYDENS TULBAGH SE LEIRIEM KLAS, VLNR:  
OUPA –JOHAN, OUPA GROOTJIE- PIETER, AGTERKLEINKIND- MIA, PA- PIETER**